

# *Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV)*

## *Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring*



## *Verdere Onderwys- en Opleidingsfase Graad 10-12*



**basic education**

Department:  
Basic Education  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



**basic education**

Department:  
Basic Education  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING  
GRAAD 10-12**



**ELEKTRIESE TEGNOLOGIE**



**Departement van Basiese Onderwys**

Strubenstraat 222

Privaatsak X895

Pretoria 0001

Suid-Afrika

Tel: +27 12 357 3000

Faks: +27 12 323 0601

Pleinstraat 120 Privaatsak X9023

Kaapstad 8000

Suid-Afrika

Tel: +27 21 465 1701

Faks: +27 21 461 8110

Webtuiste: <http://www.education.gov.za>

© 2011 Departement van Basiese Onderwys

**ISBN: 978-1-4315-0618-7**

Ontwerp en uitleg deur: Ndabase Printing Solution

Gedruk deur: Staatsdrukkery

# VOORWOORD VAN DIE MINISTER



Die nasionale kurrikulum is die hoogtepunt van ons poging oor 'n tydperk van 17 jaar om die apartheidskurrikulum wat ons geërf het, te hervorm. Sedert die aanvang van demokrasie het ons gepoog om die kurrikulum op die waardes deur die Grondwet (Wet No. 108 van 1998) geïnspireer, te skoei. Die Aanhef van die Grondwet verklaar die doelstellings van die Grondwet soos volg:

- Die verdeeldheid van die verlede te heel en 'n samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep;
  - Die lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te onsluit;
  - Die grondslag te lê vir 'n demokratiese en oop samelewing waarin regering gebaseer is op die wil van die bevolking en elke burger gelyk deur die reg beskerm word; en
- 'n Verenigde demokratiese Suid-Afrika te bou wat sy regmatige plek as soewereine staat in die gemeenskap van nasies inneem.

Onderwys en die kurrikulum het 'n belangrike rol om in die verwesenliking van hierdie doelstellings te vervul.

Uitkomsgebaseerde onderwys, wat in 1997 ingestel is, was 'n poging om die verdeeldheid van die verlede te heel, maar die ondervinding van implementering het as aansporing vir 'n kurrikulumvernuwing in 2000 gedien. Dit het tot die eerste kurrikulumvernuwing, naamlik die *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (2002)* en die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12 (2002)*, gelei.



Deurlopende implementeringsuitdagings het tot 'n volgende kurrikulumvernuwing in 2009 gelei, naamlik die hersiening van die *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (2002)* en die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12 (2002)* wat tot die ontwikkeling van hierdie dokument gelei het.

Sedert 2012 is die twee onderskeie nasionale kurrikulumverklarings, naamlik dié vir Graad R-9 en Graad 10-12 in 'n enkele dokument, wat voortaan slegs as die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*, bekend sal staan, geïntegreer. Hoewel die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* sy vertrekpunt in die vorige kurrikulum vind, het daar wel vernuwing ingetree wat ten doel het om groter duidelikheid oor dit wat op 'n kwartaal-tot-kwartaal-grondslag onderrig en geleer moet word, te verskaf.

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is 'n beleidsverklaring met betrekking tot onderrig en leer in Suid-Afrikaanse skole en is in die volgende dokumente vervat:

- (a) Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir alle vakke in hierdie dokument opgeneem;
- (b) *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en
- (c) *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*.

**MEV ANGIE MOTSHEKGA, LP**  
**MINISTER VAN BASIESE ONDERWYS**



# INHOUD

|   |           |
|---|-----------|
| <b>AFDELING 1: INLEIDING TOT DIE KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING .....</b> | <b>3</b>  |
| 1.1 Agtergrond.....   | 3         |
| 1.2 Oorsig.....   | 3         |
| 1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum.....                          | 4         |
| 1.4 Tydstoekening .....   | 6         |
| 1.4.1 Grondslagfase.....  | 6         |
| 1.4.2 Intermediêre Fase .....   | 6         |
| 1.4.3 Senior Fase.....  | 7         |
| 1.4.4 Graad 10-12 .....   | 7         |
| <b>AFDELING 2: ELEKTRIESE TEGNOLOGIE .....</b>  | <b>8</b>  |
| 2.1 Wat is Elektriese Tegnologie?.....  | 8         |
| 2.2 Spesifieke doelwitte .....  | 8         |
| 2.3 Behoeftes vir Elektriese Tegnologie as vak.....                                     | 9         |
| 2.4 Loopbaangeleentheid .....   | 10        |
| <b>AFDELING 3: OORSIG VAN VAKINHOUD EN INHOUDRAAMWERK PER TERMYN .....</b>              | <b>12</b> |
| 3.1 Vakinhoudelike Raamwerk .....   | 12        |
| 3.2 Inhoudraamwerk per Termyn .....   | 13        |
| <b>AFDELING 4: ASSESSERING IN ELEKTRIESE TEGNOLOGIE.....</b>                            | <b>32</b> |
| 4.1 Inleiding.....  | 32        |
| 4.2 Informele of daaglikse assessering (assessering vir onderrig).....                  | 32        |
| 4.3 Formele assessering (assessering van onderrig).....                                 | 33        |
| 4.3.1 Formele Assesseringsvereistes .....   | 33        |
| 4.4 Projekte .....  | 34        |
| 4.5 Assesseringsprogram .....   | 35        |
| 4.5.1 Die assesseringsprogram .....   | 35        |
| 4.5.2 Toetse.....   | 36        |
| 4.5.3 Eksamens .....  | 36        |
| 4.6 Optekening.....   | 38        |
| 4.7 Verslaglewering.....  | 38        |

|             |   |           |
|-------------|---|-----------|
| <b>4.8</b>  | <b>Moderering van assessering</b> .....     | <b>39</b> |
| 4.8.1       | PAT moderering.....                         | 39        |
| 4.8.2       | SGA moderering.....                         | 39        |
| <b>4.9</b>  | <b>Praktiese Assesringstaak (PAT)</b> ..... | <b>42</b> |
| <b>4.10</b> | <b>Progressie / Promosie</b> .....          | <b>43</b> |
| <b>4.11</b> | <b>Algemeen</b> .....                       | <b>43</b> |



## AFDELING 1

## INLEIDING TOT DIE KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING

## 1.1 Agtergrond

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* bepaal beleid ten opsigte van kurrikulum en assesserings-aangeleenthede in die skoolsektor.

Ten einde die implementering van die Nasionale Kurrikulumverklaring te verbeter, is dit aangepas en die aanpassings tree in Januarie 2012 in werking. 'n Enkele samevattende Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring is vir elke vak ontwikkel om die ou Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne in Graad R-12 te vervang.

## 1.2 Oorsig

- (a) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)* is 'n beleidsverklaring vir leer en onderrig in Suid-Afrikaanse skole en bestaan uit die volgende dokumente:
- (i) Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir al die goedgekeurde vakke in hierdie dokument opgeneem;
  - (ii) *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en
  - (iii) *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12 (Januarie 2012)*.
- (b) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)* vervang die huidige twee Nasionale Kurrikulumverklarings, naamlik:
- (i) *Nasionale beleid met betrekking tot Algemene Onderwysprogramme: Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole)*, gepromulgeer in *Staatskoerant No. 23406* van 31 Mei 2002; en
  - (ii) *Nasionale kurrikulumverklaring Graad 10-12 Staatskoerante, No. 25545* van 6 Oktober 2003 en *No. 27594* van 7 Mei 2005.
- (c) Die Nasionale Kurrikulumverklarings, soos vervat in *subparagrafe b(i)* en *(ii)*, wat uit die volgende beleidsdokumente bestaan, word jaarliks toenemend deur die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)*, gedurende die periode 2012 - 2014, herroep en vervang:
- (i) die Leerarea-/Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne vir Graad R-9 en Graad 10-12;
  - (ii) die beleidsdokument, *Nasionale beleid ten opsigte van assessering en kwalifikasies vir skole in die Algemene Onderwys- en Opleidingsfase*, gepromulgeer in *Goewermentskennisgewing No. 124*, in *Staatskoerant No. 29626* van 12 Februarie 2007;
  - (iii) die beleidsdokument, die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR)*, gepromulgeer in *Staatskoerant No. 27819* van 20 Julie 2005;



- (iv) die beleidsdokument, 'n *Addendum tot die beleidsdokument*, die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) met betrekking tot leerders met spesiale leerbehoefes*, gepromulgeer in *Staatskoerant*, No. 29466 van 11 Desember 2006, word geïnkorporeer in die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en
- (v) die beleidsdokument, 'n *Addendum tot die beleidsdokument*, die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) met betrekking tot die Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*, gepromulgeer in *Goewermentskennisgewing*, No. 1267, in *Staatskoerant* No. 29467 van 11 Desember 2006.
- (d) Die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* en die afdelings oor die *Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring* soos in Afdeling 2, 3 en 4 van hierdie dokument vervat, beslaan die norme en standaarde van die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12*. Die uitkomst en standaard wat behoudens *artikel 6(A)* van die *Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996)* bepaal is, sal die grondslag vorm vir die Minister van Basiese Onderwys om die minimum uitkomst en standaard, sowel as die prosesse en prosedures vir die assessering van leerderprestasie wat van toepassing sal wees op openbare en onafhanklike skole, te bepaal.

### 1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum

- (a) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* vorm die grondslag van wat beskou kan word as die kennis, vaardighede en waardes wat noodsaaklik is om te leer. Dit sal verseker dat leerders kennis en vaardighede verwerf en toepas op maniere wat betekenisvol is vir hulle lewens. Hiervolgens bevorder die kurrikulum die idee van begronde kennis binne plaaslike, bekende kontekste en terselfdertyd toon dit sensitiwiteit ten opsigte van globale vereistes.
- (b) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* het die volgende doelwitte:
- om leerders, ongeag hul sosio-ekonomiese agtergrond, ras, geslag, fisiese of intellektuele vermoë, toe te rus met die kennis, vaardighede en waardes wat nodig is vir selfvervulling en betekenisvolle deelname in die samelewing as burgers van 'n vrye land;
  - om toegang tot hoër onderwys te verskaf;
  - om die oorgang van leerders vanaf onderwysinstellings na die werkplek te fasiliteer; en
  - om aan werkgewers 'n voldoende profiel van 'n leerder se vermoëns te verskaf.
- (c) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is op die volgende beginsels gebaseer:
- *Sosiale transformasie*: Dit verseker dat onderwysongelykhede van die verlede aangepak word en dat gelyke onderwysgeleenthede aan alle sektore van die bevolking voorsien word;
  - *Aktiewe en kritiese leer*: Dit moedig 'n aktiewe en kritiese benadering tot leer aan eerder as om te leer sonder om te begryp, en niekritiese leer van gegewe waarhede;
  - *Hoë kennis en hoë vaardighede*: Dit is die minimum standaard vir die kennis en vaardighede wat in elke graad verwerf moet word, word gespesifiseer en stel hoë, bereikbare standaard in alle vakke;

*Progressie:* Die inhoud en konteks van elke graad toon progressie van die eenvoudige tot die komplekse

- *Menseregte, inklusiwiteit, omgewings- en sosiale geregtigheid:* Die infasering van die beginsels en praktyke van sosiale en omgewingsgeregtigheid en menseregte soos dit in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika omskryf word. Die *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12* is veral sensitief vir kwessies wat diversiteit weerspieël soos armoede, ongelukheid, ras, geslag, taal, ouderdom, gestremdhede en ander faktore;
  - *Waardering vir inheemse kennissisteme:* Om erkenning te gee aan die ryke geskiedenis en erfenisse van hierdie land as bydraende faktore om die waardes in die Grondwet te laat gedy; en
  - *Geloofwaardigheid, kwaliteit en doeltreffendheid:* Dit voorsien onderwys wat vergelykbaar is met internasionale standaarde in terme van kwaliteit, omvang en diepte.
- (d) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring* Graad R-12 stel in die vooruitsig dat leerders die volgende kan doen:
- identifiseer en los probleme op en neem besluite deur kritiese en kreatiewe denke;
  - werk doeltreffend saam met ander as lede van 'n span, groep, organisasie en gemeenskap;
  - organiseer en bestuur hulself en hulle aktiwiteite verantwoordelik en doeltreffend;
  - versamel, ontleed en organiseer inligting en evalueer dit krities;
  - kommunikeer doeltreffend deur middel van visuele, simboliese en / of taalvaardighede in verskillende vorme;
  - gebruik wetenskap en tegnologie doeltreffend en krities deur verantwoordelikheid teenoor die omgewing en die gesondheid van ander te toon; en
  - begryp die wêreld is 'n stel verwante stelsels waarin probleme nie in isolasie opgelos word nie.
- (e) Inklusiwiteit behoort 'n belangrike deel van organisering, beplanning en onderrig by elke skool te vorm. Dit kan alleenlik gebeur indien alle onderwysers deeglik begryp hoe om leerstruikelblokke te herken en aan te pak, asook hoe om vir diversiteit te beplan.

Die sleutel tot die goeie bestuur van inklusiwiteit is die versekering dat struikelblokke geïdentifiseer en aangespreek word deur al die ondersteuningsisteme binne die skoolgemeenskap, insluitend onderwysers, distriksondersteuningspanne, institusionele ondersteuningspanne, ouers en spesiale skole wat kan dien as hulpbronsentrums. Om die leerhindernisse in die klaskamer aan te spreek, behoort onderwysers verskeie kurrikulêre strategieë vir differensiering te gebruik soos uiteengesit in die Departement van Basiese Onderwys se *Riglyne vir Inklusiewe Onderrig en Leer (2010)*.

## 1.4 Tydstoekening

### 1.4.1 Grondslagfase

(a) Die onderrigtyd vir vakke in die Grondslagfase is soos in onderstaande tabel aangedui:

| VAK                             | GRAAD<br>(UUR) | GRAAD 1-2<br>(UUR) | GRAAD 3<br>(UUR) |
|---------------------------------|----------------|--------------------|------------------|
| Huistaal                        | 10             | 8/7                | 8/7              |
| Eerste Addisionele Taal         |                | 2/3                | 3/4              |
| Wiskunde                        | 7              | 7                  | 7                |
| Lewensvaardighede               | 6              | 6                  | 7                |
| • Aanvangskennis                | (1)            | (1)                | (2)              |
| • Skeppende Kunste              | (2)            | (2)                | (2)              |
| • Liggaamlike Opvoeding         | (2)            | (2)                | (2)              |
| • Persoonlike en Sosiale Welsyn | (1)            | (1)                | (1)              |
| <b>TOTAAL</b>                   | <b>23</b>      | <b>23</b>          | <b>25</b>        |

(b) Onderrigtyd vir Graad R, 1 en 2 is 23 uur en Graad 3 is 25 uur.

(c) Onderrigtyd vir Tale in Graad R-2 is 10 uur en vir Graad 3 is 11 uur. 'n Maksimum tyd van 8 uur en 'n minimum tyd van 7 uur word aan Huistaal toegeken. Vir Addisionele Taal word 'n minimum tyd van 2 uur en 'n maksimum tyd van 3 uur vir Graad 1-2 toegeken. In Graad 3 word 'n maksimum van 8 uur en 'n minimum van 7 uur vir Huistaal toegeken. 'n Minimum van 3 uur en 'n maksimum van 4 uur word in Graad 3 vir Addisionele Taal toegelaat.

(d) In Lewensvaardighede is die onderrigtyd vir Aanvangskennis in Graad R-2 net 1 uur en in Graad 3 is dit 2 uur. (Die aantal ure word in die tabel tussen hakies aangetoon.)

### 1.4.2 Intermediêre Fase

(a) Die onderstaande tabel dui die vakke en onderrigtyd in die Intermediêre Fase aan:

| VAK                             | UUR         |
|---------------------------------|-------------|
| Huistaal                        | 6           |
| Eerste Addisionele Taal         | 5           |
| Wiskunde                        | 6           |
| Natuurwetenskappe en Tegnologie | 3,5         |
| Sosiale Wetenskappe             | 3           |
| Lewensvaardighede               | 4           |
| • Skeppende Kunste              | (1,5)       |
| • Liggaamlike Opvoeding         | (1)         |
| • Persoonlike en Sosiale Welsyn | (1,5)       |
| <b>TOTAAL</b>                   | <b>27,5</b> |

### 1.4.3 Senior Fase

(a) Die onderrigtyd in die Senior Fase is soos volg:

| VAK                            | UUR         |
|--------------------------------|-------------|
| Huistaal                       | 5           |
| Eerste Addisionele Taal        | 4           |
| Wiskunde                       | 4,5         |
| Natuurwetenskappe              | 3           |
| Sosiale Wetenskappe            | 3           |
| Tegnologie                     | 2           |
| Ekonomiese Bestuurswetenskappe | 2           |
| Lewensoriëntering              | 2           |
| Skeppende Kunste               | 2           |
| <b>TOTAAL</b>                  | <b>27,5</b> |

### 1.4.4 Graad 10-12

(a) Die onderrigtyd in Graad 10-12 is soos volg:

| VAK   | TYDSTOEKENNING PER WEEK (UUR) |
|---|-------------------------------|
| Huistaal  | 4,5                           |
| Eerste Addisionele Taal   | 4,5                           |
| Wiskunde  | 4,5                           |
| Lewensoriëntering   | 2                             |
| Enige drie keusevakke uit <b>Groep B (Bylaag B Tabel B1-B8)</b> van die beleidsdokument, <i>Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12</i> , onderhewig aan die voorbehoudsbepalings soos uiteengesit in <b>paragraaf 28</b> van die genoemde beleidsdokument. | 12 (3 x 4 uur)                |
| <b>TOTAAL</b>   | <b>27,5</b>                   |

Die toegekende 27,5 uur per week mag slegs gebruik word vir die minimum vereistes vir vakke genoem in die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* soos hierbo gespesifiseer, en mag dus nie gebruik word vir addisionele vakke gevoeg by die lys van minimum vakke nie. Indien 'n leerder addisionele vakke wil aanbied, moet voorsiening vir bykomende tyd vir die aanbieding van hierdie vakke gemaak word.

## AFDELING 2

### 2. Elektriese Tegnologie

#### 2.1 Wat is Elektriese Tegnologie?

Elektriese Tegnologie fokus op die insig en toepassing van elektriese en elektroniese beginsels. Die vak fokus op drie hoofspesialisareas by name:

- Elektries
- Elektronieka
- Digitale Stelsels

#### 2.2 Spesifieke Doele

Elektriese Tegnologie as geheel beoog om die leerder toe te rus met 'n stewige grondslag in elektroniese en elektriese beginsels wat teorie in praktiese vaardighede teen die einde van graad 12 verwoord.

Deur die vervlegde voltooiing van teorie, praktiese assesseringstake (PAT) en simulاسies word die volgende vaardighede ontwikkel:

- veilige werkspraktyk
- goeie huishouding
- eerstehulppraktyke
- interpretasie van kringdiagramme
- verkryging van komponente
- bou van kringbane
- installasie, toetsing en foutsporing van kringbane
- meting
- werkswinkelpraktyk



Kennis van vakbeginsels gekombineer met die toegepaste elektriese vaardighede rus die Elektriese Tegnologie leerder toe met unieke vaardighede, wat hom/haar plaas in 'n kategorie wat gesog is in industrie, tersiêre instellings en entrepreneurs. Leerders met Elektriese Tegnologie vaar aansienlik beter tydens die eerste twee jaar op tersiêre vlak met ingenieursstudies as leerders sonder hierdie agtergrond. Dit gee hulle 'n voorsprong met die studie van ingenieurswese. Die behoefte aan geskoolde arbeid in Suid Afrika is reeds herhaalde kere beklemtoon deur nasionale strategieë soos die Nasionale Vaardighede Fonds, ASGISA en meer.

Die doel is om vaardighede van leerders vanaf Graad 10-12 so te ontwikkel dat hulle in staat is om so gou moontlik 'n loopbaan te betree. Ten spyte van uitdagings in oordraagbaarheid na NCV-kursusse, is leerders met Elektriese Tegnologie in staat om die arbeidsmark direk na matrikulering as vakleerling te betree.

### 2.3 Behoeftes vir Elektriese Tegnologie as vak

1. Die leerder, as hoofbelanghebbende in die vak, moet toegang tot die volgende minimum items hê:
  - 'n Handboek en skrif
  - Toegang tot 'n verskeidenheid elektriese en elektroniese tydskrifte en bronne
  - Tekentoerusting
  - Sakrekenaar
  - Metingsinstrumente en gereedskap
  - Verbruikbare items vir elektriese tegnologie
  - Toegang tot 'n rekenaar met simulاسie en rekenaar gesteunde ontwerp (CAD) sagteware word aanbeveel
2. Die skool moet inteken op ten minste een of twee elektriese en elektroniese ingenieurstydskrifte sodat die onderwyser op datum kan bly met nuwe verwickelinge in die nywerheidsomgewing. Hierdie tydskrifte kan ook aan leerders uitgeleen word (soortgelyk aan biblioteekboeke), hierdie bronne moet gereedelik beskikbaar wees in die klaskamer of biblioteek.
3. Die onderwyser moet 'n verskeidenheid verwysingsbronne, kaarte en brosjures in die klaskamer ten toon stel om leerders se belangstelling in die vak te prikkel.
4. Die onderwyser moet toegang tot die internet hê om relevante en nuwe informاسie te verkry, af te laai en te druk. Die rede hiervoor is dat die industrie dinamies van aard is en dat nuwe tendense en ontwikkelinge voortdurend bekendgestel word. Die onderwyser moet ook toegang verkry tot elektroniese posfasiliteite, siende dat informاسie van vakadviseurs en ander bronne deur middel van elektroniese pos verkry kan word. Die onderwyser moet in die konteks en inhoud van die vak opgelei word.
5. Skole wat Elektriese Tegnologie aanbied moet 'n goed toegeruste werkwinkel vir leerders voorsien om praktiese assesseringstake te voltooi. Die klaskamer/werkwinkel moet beveilig word. Genoegsame stoorspasie vir die berging van voorraad en toerusting word vereis. Die verkryging van benodighede om Elektriese Tegnologie as vak aan te bied, is die skool se verantwoordelikheid. Die skool moet 'n versameling modelle opbou deur leerders te vra, ouers, meganiese, elektriese en elektroniese herstelwinkels en verskaffers te kontak om items te skenk.
6. Vakadviseurs moet gereelde ondersteuning aan onderwysers bied.

## 2.4 Loopbaangeleenthede

Elektriese Tegnologie ontsluit 'n reeks moontlikhede vir enige leerder wat die vak neem. Weens die aard van die vak, is dit relatief maklik en goedkoop om 'n elektries/elektroniese/digitale werkswinkel te vestig om sodoende 'n besigheid te begin of om 'n stokperdjie vir persoonlike ontwikkeling en bevordering te beoefen.

Leerders wat verkies om loopbane te kies wat nie verwant is aan die vak nie, het genoegsame kennis en vaardighede teen graad 12 om voort te gaan met eksperimentering vir selfonderrigdoeleindes en die praktisering van elektriese tegnieke.

Leerders met Elektriese Tegnologie kan tussen die volgende loopbaanmoontlikhede kies:

- Vakleerlingskap om 'n vakman te word
- Studie by 'n kollege in die NK(V) om 'n praktiese loopbaan te volg
- Hoër onderwys by 'n universiteit van tegnologie of enige akademiese universiteit
- Betreding van die werksomgewing as 'n entrepreneur of as werknemer by 'n entrepreneur
- Hoër onderwys om tegniese onderwys te studeer en 'n tegniese onderwyser te word

Loopbaan- en lewensgeleenthede vir leerders met 'n grondslag in Elektriese Tegnologie sluit in:

- Elektriese passer
- Elektriese of elektroniese ingenieur
- Elektriese tekenaar
- Elektriese of elektroniese tegnikus
- Elektriese of elektroniese tegnoloog
- Digitale/sagteware ingenieur
- Akademikus in die Elektriese Tegnologie-veld
- Elektroniese meganikus
- Oto-elektrisiën
- Elektrisiën
- Radio-tegnikus
- Selfoontegnikus
- Kommunikasietegnikus
- PLB programmeringskenner
- Elektroniese programingenieur



- Rekenaartegnikus
- Robotika ingineieur
- Megatroniese tegnikus
- Installasie-elektrisiën
- Radio-amateur
- Elektroniese stokperdjie entoesias
- Radiobeheer-entoesias
- Produksie-bestuurder





## AFDELING 3

## 3.1 Vakinhoudelike Raamwerk

Onderwerpe met 'n kort verduideliking word hierdoner getoon. Neem kennis dat sekere onderwerpe deurgaans van graad 10-12 teenwoordig is en sodoende vordering en toename in moeilikheidsgraad van jaar tot jaar toon. Sommige onderwerpe word op een of ander stadium gestaak. Dit word gedoen nie omdat dit minder belangrik word nie, maar eerder omdat sekere onderwerpe geïntegreerd raak soos die moeilikheidsgraad toeneem.

| Graad 10 Onderwerpe  | Graad 11 Onderwerpe   | Graad 12 Onderwerpe   |
|--|---|---|
| <b>Beroepsveiligheid en gesondheid</b><br>Verantwoordelikhede, werkswinkelreëls en prosedures  | <b>Beroepsveiligheid en gesondheid</b><br>Bekentstelling van die beroepsveiligheids wet, huishouding en persoonlike veiligheid            | <b>Beroepsveiligheid en gesondheid</b><br>Die gevolge van die wet, risiko assessering, menseregte in die werksplek, werksetiek en noodgevalle |
| <b>Gereedskap en meetinstrumente</b><br>Gereedskap en hoe om dit te gebruik                    | <b>Gereedskap en meetinstrumente</b><br>Meetinstrumente en hoe om dit te gebruik  |   |
| <b>Elektriese kringe</b><br>Teken enkelfasekringe met verwysing na verpreiding en skakelkringe | <b>Ekelfase-WS-opwekking</b><br>Hoe elektrisiteit opgewek word  | <b>Driefase-WS-opwekking</b><br>Krag in driefasestelsels, meting en berkening   |
| <b>Magnetisme</b><br>Beginsels van magnetisme en die toepaslike wette                          | <b>Enkeelfase transformators</b><br>Induksie, die werksbeginsel van transformators en transformortipes                                    | <b>Driefasetransformators</b><br>Werksbeginsels, berekening en toepassing   |
|  | <b>Enkefasemotors</b><br>Die universele motor, splitfasemotors en toepassing daarvan  | <b>Driefase-motors en aansitters</b><br>Werksbeginsel, toetsing en ingebruik neming van motors en aansitters                                  |
| <b>Beginsels van elektrisiteit</b><br>Bekendstelling van elektrisiteit as die kern van die vak | <b>RLC</b><br>Die effek van WS op RLC seriekringe   | <b>RLC</b><br>Die effek van WS op serie- en parallele RLC-kringe  |
| <b>Beskermingstoestelle</b><br>Sekerings, sekeringstipes, MSB's en aardlektoestelle            | <b>Beskermingstoestelle</b><br>Die regstreekse aansitter en toepassing daarvan  |   |
| <b>Elektroniese komponente</b><br>Basiese elektroniese komponente en hoe dit werk              | <b>Halfgeleiertoestelle</b><br>Die diode, transistor, tiristor, DIAK en TRIAK asook toepassing daarvan                                    |   |
| <b>Kragbronne</b><br>Basiese kragbronne soos die battery en hoe dit werk                       | <b>Kragbronne</b><br>Werksbeginsel van lineêre kragbronne, serie en sjunt regulering  |   |
|  | <b>Versterkers</b><br>Werksbeginsel en toepassing van transistorversterkers   | <b>Versterkers</b><br>Werksbeginsel en toepassing van operasionele versterkers  |
| <b>Logika</b><br>Boolelogika en basiese logikahekke asook toepassing                           | <b>Logika</b><br>Intermediêre logikabeginsels aan die hand van logikahekke om Boole-algebra-uitdrukkings en eenvoudige probleme op te los | <b>Logika</b><br>Bekendstelling van programmeerbare logikahekke, toepassing van Boole-algebra-uitdrukkings en kombinasie-logika-netwerke      |
| <b>Kommunikasie</b><br>Basiese kommunikasiebeginsels en modulاسie                              | <b>Kommunikasie</b><br>Radiokommunikasie, antenas, modulاسiemoedus, senders en ontvangers   |   |

## 3.2 Inhoudraamwerk per Kwartaal

## GRAAD 10 KWARTAAL 1

4 ure kontaktyd per 1 week word voorgeskryf. 2 ½ ure word geteiken vir teorie en 1 ½ uur per 1 week vir praktiese werk en die voltooiing van PAT. (Een dubbelperiode word vereis vir die voltooi van praktiese werk)

| Week              | Onderwerp                                       | Inhoud   |
|-------------------|---|--|
| 1 week<br>(4 uur) | <b>Beroeps<br/>gesondheid en<br/>veiligheid</b> | Verantwoordelikhede<br>Algemene Werkswinkelreëls <ul style="list-style-type: none"> <li>• Huishouding</li> <li>• Onveilige handelinge</li> <li>• Onveilige toestande</li> <li>• Loopgange, stoorareas, ander toegekende areas</li> <li>• Kleurkode</li> </ul> Noodprosedures <ul style="list-style-type: none"> <li>• Posisie van die hoofskakelaar</li> <li>• Ontruimingsprosedures</li> <li>• Brandbestrydingsbeginsels</li> <li>• Basiese eerstehulp</li> </ul> Basiese eerstehulp <ul style="list-style-type: none"> <li>• Wat om te doen ingeval van elektriese skok</li> <li>• Wat om te doen as iemand bloei</li> </ul> |
| 1 week<br>(4 uur) | <b>Gereedskap en<br/>meetinstrumente</b>        | Identifisering van dele en werking asook sorg, onderhoud en veilige gebruik van: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Skroewedraaiers (Plat en Ster)</li> <li>• Vyle (plat, vierkant, Ronde, Driekant en halfronde)</li> <li>• Kantsnytang</li> <li>• Longbektang</li> <li>• Kombinasietang</li> <li>• Draadstroper</li> <li>• Nutsmes</li> <li>• Soldeerbout</li> <li>• Soldeerpomp</li> <li>• Elektriese handboor</li> <li>• Ystersaag (Junior ystersaag)</li> <li>• Broodbord (Protobord)</li> </ul>  |
| 1 week<br>(4 uur) |   | Vaardighede (Vaardighede word deur die jaar tydens praktiese sessies ontwikkel): <ul style="list-style-type: none"> <li>• Veilige gebruik van gereedskap</li> <li>• Korrekte gebruik van gereedskap</li> <li>• Beginner soldeer/de-soldeervaardighede</li> <li>• Beginner gedrukte stroombaanbord vervaardigingsvaardighede</li> </ul> Skoonmaak en opruim van die werkwinkel na prakties (huishouding)  |
| 1 week<br>(4 uur) |   | Veilige gebruik en versorging Instrumente <ul style="list-style-type: none"> <li>• Kontinuïteitstoetser</li> <li>• Analoog-multimeter</li> <li>• Digitale multimeter</li> <li>• Megger/Isolasieweerstandtoetser</li> </ul>   |

| Week              | Onderwerp                                  | Inhoud   |
|-------------------|--|--|
| 1 week<br>(4 uur) | <b>Basiese beginsels van elektrisiteit</b> | Atoomteorie<br>Stroomvloeiteorie (Elektronvloei vs. Konvensionele Stroomvloei)<br>Ohm se wet: $V = IR$ ( $\Omega$ )<br>Bevestig Ohm se wet met berekeninge (Gee aandag aan voorvoegsels en eenheidsomskakelings)<br>Seriëkring as spanningsverdeler<br>Kirchhoff se spanningsverdeler: $V_T = V_1 + V_2 \dots + V_N (V)$ |
| 1 week<br>(4 uur) |  | Parallel kring as stroomverdeler–<br>Kirchhoff se stroomverdeler (kombinasiekringe met berekeninge):<br>$I_T = I_1 + I_2 \dots + I_N (A)$  |
| 1 week<br>(4 uur) |  | Krag<br>Krag-berekeninge: en verwante formules<br>Kombinasiekringe (4 komponente)<br>Spesifieke weerstand (Geen berekeninge)<br>Negatiewe en positiewe temperatuur-koëffisiënt (Geen Berekeninge)  |
| 1 week<br>(4 uur) | <b>Kragbronne</b>                          | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Verskillende elektriese energiebronne</li> <li>• Primêre selle vs. Sekondêre selle</li> <li>• Loodsuurstel</li> <li>• Litiumloon (Li-Ion) of Litium-polimeer (Li-Po)-battery</li> <li>• Sonsel (Simbool, werksbeginsel, samestelling)</li> </ul>                                |
| 1 week<br>(4 uur) |  | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Kapasiteit en drywinggradering (VA)</li> <li>• Interne weerstand, Elektromotoriese krag (EMK)</li> </ul>  |
| 1 week<br>(4 uur) |  | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Potensiaalverskil (PV)</li> <li>• Basiese kragbron vanaf die hooftoevoer (Blokdiagram)</li> </ul>   |
|                   | <b>Toetse</b>                              | Alle onderwerpe behandel in die 1 <sup>ste</sup> kwartaal by toets ingesluit<br>PAT: Simulasie 1 en 2 is voltooi<br>PAT Projek onder konstruksie   |

## GRAAD 10 KWAARTAL 2

| Week              | Onderwerp                      | Inhoud  |
|-------------------|--------------------------------|---|
| 1 week<br>(4 uur) | <b>Elektroniese komponente</b> | Samestelling, konstruksie, simbole en waardes (kodering) van: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Weerstand</li> <li>• Termistor</li> <li>• LAR</li> <li>• Gloeide lamp</li> </ul> Praktiese Sessie: Identifiseer/toets/meet verskillende elektroniese komponente  |
| 1 week<br>(4 uur) |                                | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die kapasitor: <ul style="list-style-type: none"> <li>- Basiese beginsels van elektrostatische lading</li> <li>- Kapasitansie</li> <li>- Prakties: berekening in serie en parallel (Maksimum 4 komponente)</li> </ul> </li> </ul> $\frac{1}{C_{SERIES}} = \frac{1}{C_1} + \frac{1}{C_2} + \dots + \frac{1}{C_N(\text{Farad})}$ Prakties: Berekening van Lading: $Q = CV$ |
| 1 week<br>(4 uur) |                                | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Laaitempo en tydkonstante insluitend kurwes en berekeninge <ul style="list-style-type: none"> <li>- <math>t = RC(\text{Seconds})</math></li> <li>- <math>T = 5RC(\text{Seconds})</math></li> </ul> </li> <li>• Toepassing van kapasitors in GS (voorbeelde van afvlakkring en RC tydkonstante)</li> </ul> Praktiese Sessie: Laaieienskeppe van die kapasitor             |
| 1 week<br>(4 uur) |                                | Samestelling, Konstruksie, simbole en waardes (kodering) van: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Diode</li> <li>• Zenerdiode</li> <li>• LED</li> <li>• Die transistor</li> </ul> Praktiese Sessie: Toets van komponente deur in Multimeter te gebruik   |
| 1 week<br>(4 uur) | <b>Elektriese kringe</b>       | Elektriese energie verspreiding – Opwekking tot Verbruiker<br>Volgorde van verbinding van verskaffer tot verbruiker<br>Huishoudelike installasies   |
| 1 week<br>(4 uur) |                                | Praktiese simulاسies van skakelkringe: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Serielampe, Parallellampe</li> <li>• Enkelpool – enkelgooi (SPST)</li> <li>• Dubbelpool – dubbelgooi (DPDT)</li> <li>• Eenrigtingskakeling</li> <li>• Tweerigtingskakeling</li> <li>• Tusenskakeling</li> </ul>   |
| 1 week<br>(4 uur) |                                | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Driehitteskakeling</li> <li>• Vyfhitteskakeling</li> <li>• Veelhitteskakeling (Simmerstaat)</li> </ul>   |
|                   | <b>Halfjaar Eksamens</b>       | Alle onderwerpe van Kwartal 1 en 2 word in die halfjaar-eksamen gedek<br>PAT simulاسies 3 en 4 is voltooi<br>PAT kringkonstruksie is voltooi<br>PAT omhulsel is onder konstruksie   |

## GRAAD 10 KWARTAAL 3

| Week              | Onderwerp                       | Inhoud   |
|-------------------|---------------------------------|--|
| 1 week<br>(4 uur) | <b>Beskermings-toestelle</b>    | Stroomspanningstoestelle. Voor- en nadele.<br>Gerbuike en toepassings van: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Vinnig en stadig blaas sekerings</li> </ul>  |
| 1 week<br>(4 uur) |                                 | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Miniatuur stroombrekers (Termiese asook elektromagnetiese tipe) vir huishoudelike installasies</li> <li>• Aardlektoestelle (Kerntipe)</li> </ul> Prakties: Toetssekerings met 'n multimeter   |
| 1 week<br>(4 uur) | <b>Beginsels van Magnetisme</b> | Samestelling/konstruksie, simbole en waardes (kodering) van die induktor <ul style="list-style-type: none"> <li>• Definieer magnetisme bv natuurlike, electro-magnetisme.</li> <li>• Oersted se eksperiment (Skroewedraaierwet)</li> </ul>   |
| 1 week<br>(4 uur) |                                 | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Faraday se wet</li> <li>• Lenz se wet</li> </ul>  |
| 1 week<br>(4 uur) | <b>Versterkers</b>                                    | <p>Toepassing van die op-versterker insluitend, inset- en uitsetgolfvorme van:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Multi-vibrator (Bi, Mono en A-stabiel)</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Kringdiagram</li> <li>- Golfvorm</li> <li>- Konstruksie op broodbord</li> <li>- Voorstelling van golfvorm op ossilloskoop</li> <li>- Meting van die uitsetgolfvorm</li> </ul> </li> <li>• <b>Schmidt Sneller</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Kringdiagram</li> <li>- Golfvorm</li> <li>- Konstruksie op broodbord</li> <li>- Voorstelling van golfvorm op ossilloskoop</li> <li>- Meting van die uitsetgolfvorm</li> </ul> </li> </ul> <p>Berekening oor:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• RC Tydkonstante (Multivibrators)</li> </ul> <p>Prakties: Simuleerringe en vertoon golfvorm op ossilloskoop</p> |
| 1 week<br>(4 uur) |   | <p>Toepassing van die op-versterker insluitende inset- en uitsetgolfvorme van:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Hartley/colpitts-ossillator</li> <li>• RC Fase skuifossillator</li> </ul> <p>Berekening oor:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Ossillasiefrekwensie</li> </ul> <p>Prakties: Simuleerringe en vertoon golfvorm op ossilloskoop</p>  |
|                   | <b>Vorbereidende Eksame, PAT &amp; SGA Moderering</b> | <p>Konsolidasie van Kwartaal 1, 2 en 3</p> <p>Vorbereidende eksamen sluit alle onderwerpe in</p> <p>PAT/SGA voltooid en gereed vir moderering</p>   |

## GRAAD 12 KWARTAAL 4

| 1 WEEK            | Onderwerp                       | Gedetailleerde Inhoud – Graad 12   |
|-------------------|---------------------------------|--|
| 1 week<br>(4 uur) | Konsolidasie<br>KWARTAAL 1      | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Beroepsgesondheid en veiligheid</li> <li>• Driefase-WS-opwekking</li> </ul> |
| 1 week<br>(4 uur) | Konsolidasie<br>KWARTAAL 1      | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Driefasetransformators</li> <li>• Driefase motors en aansitters</li> </ul>  |
| 1 week<br>(4 uur) | Konsolidasie<br>KWARTAAL 2      | <ul style="list-style-type: none"> <li>• RLC</li> <li>• Logika</li> </ul>  |
| 1 week<br>(4 uur) | Konsolidasie<br>KWARTAAL 3      | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Versterkers</li> </ul>  |
|                   | Nasionale Senior<br>Sertifikaat |  |



## AFDELING 4

### 4.1 INLEIDING

Assessering is 'n deurlopende beplande proses van identifisering, insameling en interpretering van informasie omtrent die prestasie van leerders en verskillende vorme van assessering word gebruik. Dit sluit in vier stappe: genereering, insameling van bewysse van prestasie, evaluering van hierdie prestasie, aantekening van die bevindinge en die gebruik van die inligting om die insig te verkry en daarvolgens die leerder se ontwikkeling te verbeter asook die onderrig en leerproses.

Assessering sluit in aktiwiteite wat onderneem word deur die jaar. In graad 10-12 word assessering beide informeel (Assesseing vir Onderrig) en formeel (Assesseing van Onderrig) behartig. In beide gevalle moet gereelde terugvoer aan leerders gegee word om die onderrigproses te verbeter.

Bewyse van alle assessering, insluitend toetse, simulasies en take moet in die leerder se skrif geplaas word. Dit is belangrik dat alle items duidelik gemerk word. Items wat los is moet vasgeplak word om permanent deel van die skrif uit te maak.

Alle items in die leerder se skrif moet die volgende verwysings bevat:

- Datum
- Onderwerp
- Huiswerkopdragte moet die handboekbladsy en oefeningverwysing toon
- Leerderkrifte moet oorsig van die onderwyser en interaskie van die onderwyser in rooi pen toon
- Alle onderwyseraksie en intervensie in die skrif moet gedatteeer wees.
- Leerders moet alle selfassesserings self in potlood na sien en alle korreksies in potlood toon

Siende dat die skrif 'n formele assesseringsdokument is, word van die leerder verwag om die skrif oor te trek en die skrif moet netjies en skoon gehou word. Die onderwyser moet leiding gee in hierdie verband.

Behalwe vir die skrif, word geen addisionele lêer of portfolio vereis nie.

### 4.2 Informele of daaglikse assessering (assessering vir onderrig)

Assessering vir onderrig het ten doel om deurgaans informasie oor die leerder se prestasie in te win om sodoende dit aan te wend om die leerder se lewering te verbeter.

**Informele assessering** is die daaglikse monitering van die leerder se vordering. Dit word gedoen deur observasie, besprekings, leerder-onderwyser-konferensies, informele klaskameraktiwiteite, ensovoorts. Informele assessering mag so eenvoudig wees as om tydens die les te stop en die leerder dop te hou of om met leerders die vordering van onderrig te bespreek. Informele assessering moet gebruik word om terugvoer aan leerders te gee en om onderrigbeplanning te lei. Dit hoef egter nie aangeteken te word nie. Informele assessering moet ook nie apart van leeraktiwiteite binne die klaskamer hanteer. Leerders of onderwysers kan informele assesseringstake nasien.

**Selfassessering** en **eweknie-assessering** betrek leerders aktief by assessering. Dit is belangrik omdat dit aan leerders die geleentheid gee om te leer van en te besin. Die resultate van informele assessering word nie formeel aangeteken nie tensy, die onderwyser dit so wil doen. In diesulke gevalle kan eenvoudige tiklyste gebruik word om assessering neer te pen. Onderwysers kan egter wel informele assessering gebruik om terugvoer, hetsy gesproke of geskrewe, aan die skoolbestuur en ouers te gee. Dit is van besondere belang dat leerders met leergeremdheid of swak prestasie op hierdie wyse terugvoer ontvang. Die uiteinde is dat informele assessering egter nie in berekening gebring word vir promosie- en sertifiseringsdoeleindes nie.

Die volgende riglyn verskaf dui aan onderwysers 'n program vir informele assessering wat gevolg kan word om effektiewe kurrikulumlewering te verseker.

Informele assesseringstake dra nie by tot promosie en progressie van die leerder nie. Die uitsluitlike doel daarvan is om kennis te ontwikkel en vaardighede vir formele assessering voor te berei.

| ASSESSERINGSTAKE                             | KWARTAAL | KWARTAAL | KWARTAAL | KWARTAAL     |
|--|----------|----------|----------|--------------|
|  | 1        | 2        | 3        | 4            |
| Toetse (Klas-, teorie- en hersieningstoetse) | 1        | 1        | 1        | Konsolidasie |
| Opdrag                                       | 1        | 1        | 1        | 0            |
| Klaswerk/gevallestudies/Werkstaarte          | Weekliks | Weekliks | Weekliks | Konsolidasie |
| Huiswerk (Theory and Practical)              | Weekliks | Weekliks | Weekliks | Konsolidasie |
| Werkswinkel/Prakties                         | Weekliks | Weekliks | Weekliks | 0            |

Bewyse van informele assessering sal in die leerder se skrif gevind word. Die aard van die take word onder assessering vir onderrig beskryf.



### 4.3 Formele assessering (assessering van onderrig)

#### 4.3.1 Formele assesseringsvereistes

Alle assesseringstake wat deel uitmaak van die formele assesseringsprogram vir die jaar word as formele assesseringstake geag. Formele take word deur die onderwyser nagesien en formeel aangeteken vir progressie en promosiedoeleindes. Alle formele assesseringstake is onderworpe aan moderering ten einde kwaliteit te verseker en om te verseker dat behoorlike standaarde gehandhaaf word.

Formele assessering gee aan die onderwyser 'n sistematiese metode om die vordering van die leerders in die graad en spesifiek in die vak te bepaal. Voorbeelde van formele take sluit in projekte, verbale aanbiedings, demonstrasies, uitvoerings, toetse, eksamens, praktiese take, ensovoorts. Formele assesseringstake maak deel uit van 'n jaarlange formele assesseringsprogram en elke graad en vak.

| ASSESSERINGSPROGRAM |                                |                  |
|---------------------|--------------------------------|------------------|
| Formele SGA         | Praktiese assesseringstaak PAT | November Eksamen |
| 25%                 | 25%                            | 50%              |

Die Formele Asseseringsvereistes vir Elektriese Tegnologie is soos volg:

- **Skoolgebaseerde assessering (SGA):** SGA toon die leerder se vordering deur die jaar en tel 25% van die promosiepunt. Dit bestaan uit SGA take wat aan die einde van die eerste, tweede en derde kwartaal voltooi word.
- In graad 10 en 11 word alle SGA intern opgestel en intern gemodereer
- In graad 12 word die formele SGA (25%) intern opgestel, maar dit word ekstern gemodereer
- **Praktiese assesseringstaak (PAT):** PAT verwoord die leerder se bemeestering van vaardighede. Dit word periodiek geassesseer en vereis dat die leerder in meerveudige praktiese sessies betrek word. Tydens hierdie weeklikse sessies word vaardighede soos simulaties, eksperimentering, hadvaardighede, gereedskapsvaardighede, masjienvaardighede en werkswinkelpraktyk verbeter tot die punt waar die leerder gereed is om die formele take vir daardie kwartaal te onderneem. Die PAT tel 25% van die leerder se promosiepunt.
- In GRAAD 10 en 11 word die praktiese assesseringstaak intern opgestel en nagesien, maar dit word ekstern gemodereer.
- In graad 12 word die praktiese assesseringstaak ekstern opgestel, intern geassesseer, maar ekstern gemodereer.
- **November eksamen:** Teen die einde van elke akademiese jaar moet elke leerder 'n finale eksamen aflê. Die eksamen word so saamgestel dat dit die onderrigprogram vir die jaar verteenwoordig en al die teoretiese inhoud word gedek. Die November-vraestel tel 25% van die leerder se promosiepunt. Die eindjaareksamen in graad 12 word ekstern opgestel, nagesien en gemodereer.

Formele Asseserings moet 'n reeks kognitiewe vlakke en vermoëns van leerders in ag neem soos hieronder getoon:

| Kognitiewe vlakke                        | Persentasie van die taak |
|--|--------------------------|
| Laer orde: Kennis                        | 30%                      |
| Middel orde: Insig en toepassing         | 50%                      |
| Hoër orde: analise, evaluasie en sintese | 20%                      |

#### 4.4 Projekte

Leerders doen slegs een projek per vak per jaar. In Elektriese Tegnologie dien die PAT as die projek wat leerders in grade 10-12 voltooi (raadpleeg die kwartaalplanne) Die PAT vir graad 12 word deur die Departement van Basiese Onderwys opgestel en die PAT vir graad 10-11 word intern deur die onderwyser opgestel.

'n Projek (in hierdie geval die PAT) vereis van die leerder om die volgende te doen:

- Beplan/voor te berei/navorsing te doen om die geïdentifiseerde probleem/taak op te los
- Die taak/instruksies (volgens die gegewe kriteria) uit te veer
- Die projek volgens die gegewe kriteria te ontwikkel

- Innovasie en kreatiwiteit toe te pas

Om die projek op te stel moet die onderwyser:

- Die inhoud/vaardighede/kennis wat geteiken word, bepaal
- Duidelike kriteria stel en deeglike instruksies verskaf om die leerders te lei (die leerder moet presies weet wat gedoen moet word en wat van hom/haar verwag word)
- Die omvang van die werk hanteerbaar hou
- Bepaal watter bronne benodig word om die projek te voltooi en verseker dat leerders toegang daartoe het
- Die tydsbeslek/tydsduur/inhandigingsdatum bepaal
- Die punteverspreiding bepaal en die assesseringsinstrument saam stel

## 4.5 Assesseringsprogram

**4.5.1** Die assesseringsprogram is ontwerp om die formele assesseringstake in alle vakke oor die kwartaal te versprei. Sonder hierdie program kan toetse en take plaas in die laaste paar weke van die kwartaal ingedruk word druk op leerders.

Hieronder volg die Assesseringsprogram vir graad 10 - 11

| GRAAD 10 - 11 ASSESSERINGSVEREISTES |            |            |            |            |                           |              |   |
|-------------------------------------|------------|------------|------------|------------|---------------------------|--------------|---|
| ASSESSERING-STAKE                   | KWARTAAL 1 | KWARTAAL 2 | KWARTAAL 3 | KWARTAAL 4 | % van Finale Promosiepunt |              | Punttoekenning                                  |
| Toetse                              | 1          |            | 1          |            | 10                        | 25 in totaal | 250 totaal omgeskakel na 'n punt uit <b>100</b> |
| Halfjaareksamen                     |            | 1          |            |            | 15                        |              |   |
| Praktiese Assesseringstaak          | p          | p          | p          |            | 25                        |              | 250 totaal omgeskakel na 'n punt uit <b>100</b> |
| Endjaareksamen                      |            |            |            | 1          | 50                        |              | <b>200</b>                                      |
| <b>TOTALE PROMOSIEPUNT</b>          |            |            |            |            |                           |              | <b>400</b>                                      |

Die tabel hieronder toon die samelstelling van die Skoolgebaseerde Assesseringspunt:

| Beskrying        | Tydsbestek                            | Gewigstoekenning van finale punt | Punttoekenning |
|------------------|---------------------------------------|----------------------------------|----------------|
| Kontroletoeets 1 | <b>KWARTAAL 1</b><br>Januarie – April | 5%                               | 50             |
| Halfjaareksamen  | <b>KWARTAAL 2</b><br>Mei – Junie      | 15%                              | 150            |
| Kontroletoeets 2 | <b>KWARTAAL 3</b><br>Julie – Oktober  | 5%                               | 50             |
| Total            |                                       | 25%                              | 250            |



Die volgende is die Asseseringsprogram vir Graad 12:

| GRAAD 12 ASSESSERINGSVEREISTES    |               |               |               |               |                           |                 |   |
|-----------------------------------|---------------|---------------|---------------|---------------|---------------------------|-----------------|---|
| ASSESSERINGSTAKE                  | KWARTAAL<br>1 | KWARTAAL<br>2 | KWARTAAL<br>3 | KWARTAAL<br>4 | % van Finale Promosiepunt |                 | Punttoekenning  |
| Toetse                            | 1             |               |               |               | 5                         | 25 in<br>totaal | 450 totaal<br>omgeskakel na 'n<br>punt uit <b>100</b> |
| Halfjaareksamen en rekord eksamen |               | 1             | 1             |               | 20                        |                 |   |
| Praktiese Assesering-<br>staak    | p             | p             | p             |               | 25                        |                 | 250 totaal<br>omgeskakel na 'n<br>punt uit <b>100</b> |
| Endjaareksamen                    |               |               |               | 1             | 50                        |                 | <b>200</b>  |
| <b>TOTAL – PROMOTION MARK</b>     |               |               |               |               |                           |                 | <b>400</b>  |

Die tabel hieronder wys 'n samestelling van die skoolgebaseerde asseseringspunt:

| Beskrywing     | Tydsbestek | Gewigstoediening van finale<br>25% | Punte      |
|----------------|------------|------------------------------------|------------|
| Kontroletoeets | Kwartaal 1 | 5%                                 | 50         |
| Mei-eksamen    | Kwartaal 2 | 10%                                | 200        |
| Rekordeksamen  | Kwartaal 3 | 10%                                | 200        |
| <b>Totaal</b>  |            | <b>25%</b>                         | <b>450</b> |

#### 4.5.2 Toetse

- 'n Formele assesseringstoets kan nie uit 'n reeks klein toetse bestaan nie, maar moet 'n aansienlike hoeveelheid inhoud bevat en ten minste 60 minute duur
- Elke toets en eksamen moet aan 'n reeks kognitiewe vlakke voldoen
- Die vorme van assessering moet ouderdom en ontwikkelingsvlak in ag neem. Die take wat ontwerp word behoort die inhoud van die vak te dek en moet 'n verskeidenheid take insluit om die doelstellings van die vak te bereik.

#### 4.5.3 Eksamens

- Vir graad 10,11 en 12 maak die drieuurlange eindjaareksamen in Elektriese Tegnologie (200 punte) 50% van die leerders se totale punt uit. Alle vraestelle wat deur die jaar, sowel as die eindjaareksamen, deur die onderwyser opgestel word, moet deur die departementshoof by die skool nagegaan word en deur die Elektriese Tegnologie fasiliteerder by die distrik goedgekeur word. Dit word gedoen om te verseker dat by die onderwyser die voorgeskrewe gewigstoekenning hou.
- In die graad 12-eksamen word **slegs graad 12-**inhoud geassesseer. Voorkennis van graad 10-11 word egter benodig om sekere vrae te interpreteer en te beantwoord.

## GRAAD 10 Eksamen vraestel - November

| Vraag | Onderwerp                           | Gewigstoekening | Punte      |
|-------|-------------------------------------|-----------------|------------|
| 1     | Beroepsgesondheid en Veiligheid     | 5%              | 10         |
| 2     | Gereedskap en meetinstrumente       | 5%              | 10         |
| 3     | Basiese beginsels van elektrisiteit | 15%             | 60         |
|       | Elektriese Kringe                   | 5%              |            |
|       | Beginsels van magnetisme            | 10%             |            |
| 4     | Kragbronne                          | 10%             | 20         |
| 5     | Elektroniese komponente             | 10%             | 30         |
|       | Beskermingstoestelle                | 5%              |            |
| 6     | Logika                              | 25%             | 50         |
| 7     | Kommunikasiestelsels                | 10%             | 20         |
|       | <b>Totaal</b>                       | <b>100%</b>     | <b>200</b> |

## GRAAD 11 Eksamen vraestel - November

| Vraag | Onderwerp  | Gewigstoekening  | Punte      |
|-------|--|------------------|------------|
| 1     | Wet op beroepsgesondheid-en-veiligheidswet (BGVW)<br>Gereedskap en meetinstrumente | 5%               | 10         |
| 2     | Enkelfase-WS-Opwekking<br>Enkelfasetransformators                                  | 15%<br>10%       | 50         |
| 3     | Enkelfasemotors<br>Beskermingstoestelle  | 15%              | 30         |
| 4     | Halfgeleiertoestelle<br>Kragbronne<br>Versterkers                                  | 10%<br>5%<br>10% | 50         |
| 5     | RLC  | 10%              | 20         |
| 6     | Logika   | 10%              | 20         |
| 7     | Kommunikasie   | 10%              | 20         |
|       | <b>Totaal</b>  | <b>100%</b>      | <b>200</b> |

## GRAAD 12 Eksamen vraestel - November

| Vraag | Onderwerp                       | Persentasie                | Punte vir NSS |
|-------|---------------------------------|----------------------------|---------------|
| 1     | Beroepsgesondheid en veiligheid | 5%                         | 10            |
| 2     | Driefase-WS-opwekking           | 10%                        | 20            |
| 3     | Driefasetransformators          | 10%                        | 20            |
| 4     | Driefase-Motors en aansitters   | 20%                        | 40            |
| 5     | RLC                             | 10%                        | 20            |
| 6     | Logika                          | 20%                        | 40            |
| 7     | Versterkers                     | 25%                        | 50            |
|       | <b>Totaal</b>                   | <b>100%</b>                | <b>200</b>    |
|       | <b>Final Gewigstoekening</b>    | <b>50% van finale punt</b> |               |

## 4.6 Rekordhouding

Rekordhouding is 'n proses waarvolgens die onderwyser die vlak van die leerder se prestasie in 'n spesifieke taak dokumenteer. Dit dui aan hoe die leerder vorder na die bemeesting van die kennis soos voorgeskryf in die Kurrikulum- en assesserings beleidsverklaring (CAPS). Rekords van die leerders prestasie moet genoegsame bewys lewer van die leerder se konseptuele vordering in die graad en die gereedheid wat hy/sy toon om na die volgende graad bevorder te word. Rekords van leerderprestasie word ook gebruik om te bevestig watter vordering die onderwyser in die leerder se onderrig en leerproses gemaak het.

Onderwysers sal die werklike punte aan deur van 'n puntetaat gebruik te maak en sal in persentasies op die leerder se vorderingsverslag rapporteer.

## 4.7 Rapportering

Rapportering is die proses waardeur leerder prestasie aan leerders, ouers, skole en ander belanghebbendes gekommunikeer word. Leerderprestasie kan op verskillende wyses gekommunikeer word insluitende vorderingsverslae, ouerontmoetinge, skoolbesoekdae, ouer-onderwyser-konferensies, foonoproepe, briewe, klas- en skoolnuusbriewe ensovoorts. Onderwysers in alle grade lewer verslag in persentasie. Die volgende prestasievlak is van toepassing op vorderingsverslae:

- Ten einde die skool toe te laat om aan ouers terugvoer te verskaf oor die vordering van die leerder van kwartaal tot kwartaal, word gereelde terugvoer gegee in die vorm van vorderingsverslae. Wanneer die kwartaalpunt saamgestel word, word voorgestel dat die SGA en PAT-punt gebruik word om vordering te toon
- Die gewigstoekenning van die kwartaalpunt moet uit 50% vir die SGA en 50% vir PAT bereken word. Die kwartaal punt word egter nie gebruik vir die finale promosiepunt van die leerder nie. Teen die einde van die jaar word die SGA, PAT en eksamenpunte op die voorgeskrewe wyse gebruik om die promosiepunt te bepaal.

### Kodes en Persentasies vir Rekordering en Rapportering

| Prestasievlak | Prestasiebeskrywings    | Punte (%) |
|---------------|-------------------------|-----------|
| 7             | Uitmuntende prestasie   | 80 - 100  |
| 6             | Verdienselike prestasie | 70 - 79   |
| 5             | Beduidende prestasie    | 60 - 69   |
| 4             | Voldoende prestasie     | 50 - 59   |
| 3             | Matige prestasie        | 40 - 49   |
| 2             | Basiese prestasie       | 30 - 39   |
| 1             | Ontoereikende prestasie | 0 - 29    |

Nota: Die sewepunt skaal moet duidelike beskrywings bevat om sodoende gedetailleerde inligting oor elke vlak te gee.

## 4.8 Moderering van assessering

Moderering verwys na die proses wat verseker dat assesseringstake regverdig billik, geldig en betroubaar is. Moderering moet op skool, distrik, provinsiale en nasionale vlakke uitgevoer word. Omvattende en toepaslike modereringspraktyke moet in plek wees om kwaliteit van alle vakassesserings te verseker.

### 4.8.1 PAT-moderering

Moderering van elke kwartaal se PAT simulاسie begin so vroeg as die daaropvolgende kwartaal. Simulasie 1 en 2 word dus so gou as die tweede kwartaal gemodereer. Die projek word slegs by voltooiing gemodereer.

Die modereringsproses is soos volg:

- Gedurende moderering word leerders lukraak gekies om die verskillende simulasies van die PAT te demonstree. Al vier simulasies sal gemodereer word.
- Leerders wat gemodereer word, het toegang tot hul voltooide simulasies gedurende moderering en mag na simulasies wat hulle vroeër in die jaar voltooi het, verwys.
- Leerders mag nie hulp vra van ander leerders tydens moderering nie.
- Alle projekte moet vir die moderator uitgestal word.
- Die moderator sal lukraak, nie minder nie as twee projekte (nie simulasies nie) kies, waarvan daar van die leerders vereis salword om te kom verduidelik hoe die projek gebou is.
- Waar nodig, kan die moderator leerders versoek om die funksie, werksbeginsels asook die vaardighede wat bekom is deur die simulasies vir modereringsdoeleindes te vertoon.
- Na moderering kan die moderator, indien nodig, die groeps punt op- of afwaarts aanpas, afhangende van die uitkoms van moderering.
- Gewone eksamenreëls geld vir appèl en moet as sulks gevolg word indien 'n dispuut weens aanpassings ontstaan.

### 4.8.2 SGA moderering

Moderering van geskrewe take en eksamens sal duer die vakfasiliteerder of mede-vakonderwyser uitgevoer word. Graad 10 en 11 take word intern gemodereer behalwe vir PAT wat ekstern gemodereer word. Die vakadviseur moet 'n monster van take modereer tydens skoolbesoeke om die standaard van interne moderering te verifieer. Moderering van geskrewe toetse neem die vorm van 'n hermerk van leerders se werk aan om te verseker dat assessering deur die onderwyser korrek toegepas is.

Graad 12 take moet deur die provinsiale vakadviseur gemodereer word. Die proses word deur die onderskei provinsiale departemente behartig.

Skoolgebaseerde moderering vereis dat die deprimentshoof aan die volgende aspekte aandag gee:

- Leerder Vereistes
  - Werk deur leerders voltooi, moet aan die volgende vereistes voldoen:
    - o Datum
    - o Onderwerp
    - o Huiswerkopdragte moet die handboekbladsy en oefeningverwysing bevat
    - o Leerderskrifte moet oorsig en interaksie van die onderwyser in rooi pen bevat
    - o Alle onderwyseraksies en intredes in die skrif moet in datum hê
    - o Leerder word vereis om alle selfassesserings in potlood te voltooi en nasorg moet in potlood voltooi word
  - Veiligheid
    - o Leerder moet toepaslik aangetrek wees wanneer die werkswinkel betree word
    - o Persoonlike veiligheid moet in ag geneem word
    - o Leerderoptrede in die werkswinkel moet ordelik en toepaslik wees
    - o Daar word van leerders verwag om deel te neem aan veiligheidsoefeninge, om veilige werksprosedures te volg, om huihoudingstake in die werkswinkel te voltooi en te help met die voorkomende onderhoud in die werkswinkel insluitende take soos skoonmaak, verf, afskuur ensovoorts
  - Praktiese assesseringstake/Sessies in die werkswinkel
    - o Daar word verwag van leerders om aktief aan assesseringstake, take, simulasies en eksperimente deel te neem
    - o Leerders wat nie saamwerk nie sal de-meriete of 'n nulpunt ontvang vir die betrokke gedeeltes van die werk
    - o Leerders wat onveilig in die werkswinkel en optree ander leerders in gevaar stel, sal uit van die werkswinkel verwyder word en sal addisionele take moet verig om optrede te korrigeer om verbetering in veiligheidsbewustheid en vaardigheid te toon. Dit sal buite normale kontaktyd geskied.
- Onderwyservereistes
  - Voorbereiding deur die onderwyser die volgende sluit in:
    - o Hou van pasaanduiders/werkskedules
    - o Werkskeduledatums is beplan en behaalde datums is aangedui

- o Lesplanne vir elke onderwerp is uitgewerk
- o Lesplanne en datums in leerderskrifte is in pas
- Werkstate/take/huiswerkopdragte in lesbeplanning is in pas met leerders se boeke
- Werk word elke dag in leerders se boeke voltooi
- Skrifte word gereeld deur die onderwyser nagegaan en gedateer
- Toetse het memorandums voordat die toets geskryf word
- Eksamens en groot toetse word deur medevakonderwysers of die vakfassiliteerder van die distrik gemodereer
- Werkswinkelbestuur
  - Die stoorkamer is netjies, skoon en geïndekseerd
  - Voorraad is op datum elke ses maande
  - Werkswinkel is skoon en netjies
  - Voorkomende onderhoudskedule is opgestel
  - Werswinkelbegroting is voorberei en gereed
  - Aankope vir PAT en verbruikbare voorraad is op datum
  - Vervanging van ou toerusting is beplan en word uitgevoer
- Klaskamerbestuur
  - Klaskamer is netjies en skoon
  - Plakkate en uitstillings is gedoen
  - Aansteekeborde is netjies uiteengesit
  - Onderwyserwerkstasie/tafel is netjies en skoon
  - Lêers is netjies

#### 4.9 Praktiese Assesseringstaak (PAT)

Die Departement van Basiese Onderwys reik jaarliks 'n PAT-riglyn vir graad 12 uit. Die formaat van die graad 12 PAT-riglyn word net so vir graad 10 en 11 gebruik.

As deel van die PAT moet die onderwyser een van drie scenario's kies. Hierdie scenario's is in die volgende kontekste gefundeerd:

- Elektries
- Elektronies
- Digitaal

#### **In alle grade moet elke leerder 'n praktiese assesseringstaak vir die jaar voltooi!**

- **Graad 10-11:** Onderwysers stel die praktiese assesseringstaak saam en assessee dit. Die PAT word ekstern deur vakspecialiste gemodereer.
- **Graad 12:** Die praktiese assesseringstaak vir graad 12 word deur die onderwyser geassessee en ekstern deur die provinsiale vakspecialiste gemodereer.
- Die datum vir die eksterne moderering word deur die provinsie waarbinne die skool geleë, is bepaal.
- Die provinsiale onderwysdepartemente mag nie die teke verander of vorige jare se take hergebruik nie.
- Die voorsiening van die benodigdhede van die praktiese assesseringstaak is die verantwoordlikheid van die skool. Skole moet toesien dat genoegsame tyd en befondsing toegeken word vir die voltooiing van die praktiese assesseringstaak.

Praktiese sessies moet so beplan word dat leerders genoeg tyd het om die vaardighede wat benodig word om die PAT te voltooi te bemeester. Weeklikse praktiese sessies is nodig vir die leerder om die nodige vaardighede te slyp. 'n Riglyn van 1 ½ uur per week word gegee van graad 10-12.

Elke scenario bestaan uit aantal take wat gesamentlik die PAT-punt uitmaak. Weens die aard van die PAT word die scenario deur die onderwyser van die skool bepaal, wat nie noodwendig met die onderwerpe op daardie spesifieke tydstep sal ooreenstem nie.

In gevalle waar die graad 10-11 PAT simulase en onderwerpe deur die onderwyser intern opgestel word, moet die departementshoof en die Elektriese Tegnologie distriksfassiliteerder die take goedkeur voordat dit in die werkswinkel toegepas word.

Provinsies mag kies om PAT-riglyne vir graad 10 en 11 te ontwikkel om 'n uniforme benadering tot PAT te verseker. Hierdie riglyne mag egter nie die ontwerpbeginsel van die graad 12 PAT-riglyn teegaan nie.

Die samestelling van die PAT-punt werk hieronder uiteengesit:

| Beskrywing              | Tydsbestek        | Gewigstoekening van finale 25% | Punte      |
|-------------------------|-------------------|--------------------------------|------------|
| Simulasie/Eksperiment 1 | Januarie - Maart  | 5%                             | 50         |
| Simulasie/Eksperiment 2 | Januarie - Maart  | 5%                             | 50         |
| Simulasie/Eksperiment 3 | April – Junie     | 5%                             | 50         |
| Simulasie/Eksperiment 4 | April – Junie     | 5%                             | 50         |
| Finale Produk           | Julie – September | 5%                             | 50         |
| <b>Total</b>            |                   | <b>25%</b>                     | <b>250</b> |

Alhoewel die finale PAT produk slegs teen die derde kwartaal voltooid hoef te wees, moet leerders reeds so vroeg as die eerste kwartaal daaraan begin werk ten einde te voorkom dat hul uit tyd raak om die PAT te voltooi.

#### 4.10 Progressie/Promosie

'n Leerder moet ten minste 30% (120) van die finale punt behaal om Elektriese Tegnologie te slaag.

#### 4.11 Algemeen

Hierdie dokument moet in samehang met die volgende saamgelees word:

**4.11.1** Die *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes vir die Nasionale Kurrikulumbeleid Graad R-12; en*



**4.11.2** Die beleidsdokument, *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*



